# GEMEENTEBULLETIN

22 JANUARIE 2021

STELLENBERG GEMEENTE

## AANLYN EREDIENSTE

Tydens vlak 3 van inperking word geen eredienste in die kerkgebou aangebied nie.  Dienste is wel aanlyn via www.stellenberg.co.za, of die gemeente se YouTube-kanaal beskikbaar.

**24 Januarie 2021**

Oggenddiens aanlyn vanaf 06:00

Ds. René Potgieter | Psalm 62 | Kom tot rus

**31 Januarie 2021**

Oggenddiens aanlyn vanaf 06:00 | Ds. Marius Breytenbach

Meditatiewe diens aanlyn vanaf 06:00 | Ds. Philipp Dietmann

Familiediens direkte uitsending om 09:30 | Ds. René Potgieter

Jeugdiens direkte uitsending om 18:00 | Ds. Hanno Ackerman

## KATEGESE-INSKRYWINGS VIR 2021

Inskrywing vir kategese vind vanjaar slegs aanlyn plaas.  Besoek asb. ons webwerf (www.stellenberg.co.za) om jou kind/tiener in te skryf.  Almal moet asseblief inskryf, al was jy voorheen by die kategese ingeskakel, sodat ons kan beplan vir hoeveel kinders/tieners ons lesmateriaal, ens. moet voorberei.  Ons sal dit waardeer indien almal die aanlyn inskrywings teen Sondag 14 Februarie 2021 afhandel.

## JEUGBEDIENING EN KATEGESE IN 2021

Die jeugbediening met kategese, asook die familie- en Relevantdienste hervat op Sondag 31 Januarie.  Lees asseblief meer oor die aangepaste kategeseprogram wat in die aangehegte dokument uiteengesit is. Kategese sowel as die familie- en Relevantdienste sal volgens Covid-19-regulasies aangepas word en veranderinge sal op die bulletin, webwerf en per e-pos aan ouers deurgegee word.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister,  stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegramboodskap met jou *naam* + *van* + *stemboodskap* na 083 611 4720.

## MET LEEDWESE

- Ons neem afskeid van David Franklin Richards gebore 26/02/1935 en oorlede op 18/01/2021. Hy was 'n inwoner van Edelweiss Dienssentrum. Ons opregte meegevoel met Elsa, sy vrou, ook 'n inwoner van Edelweiss, wat hy agterlaat, asook met sy kinders en kleinkinders. Sy dogter, Belinda Richards, skoonseun, Christo Augustyn asook kleinkinders, David en Ellen is almal lidmate van Stellenberg-gemeente. Sy gedenkdiens word op Vrydag 22 Januarie om 10:00 in die kerk gehou en gestroom.
- Ons opregte meegevoel met Margaret Botha met die skielike verlies van haar seun, Marchant Botha. Marchant het in Stellenberg-gemeente grootgeword en is op 18 Januarie 2021 oorlede. Hy laat sy vrou, Amanda en twee kinders agter.

## ALMANAKKE 2021

Almanakke kan weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor afgehaal word. Neem asseblief kennis dat die jaarbeplanning wat op die almanak uiteengesit is, onderhewig is aan Covid-19-inperkings-maatreëls en aanpassings sal dus waarskynlik deur die loop van die jaar t.o.v. die aanbieding van eredienste, kategese en gemeentebyeenkomste gemaak moet word. Gewysigde reëlings sal op die webwerf en bulletin aan lidmate gekommunikeer word.

## MEDITATIEWE DIENS IS WEER AANLYN

Die meditatiewe diens sal vanaf Sondag 31 Jan. weer aanlyn beskikbaar wees. Die diens kan Sondag vanaf 06:00, of enige dag en tyd daarna, via die gemeente webwerf, of die YouTube-kanaal gekyk word.

## ONDERSTEUNING AAN LIDMATE

Heelwat meer mense in ons omgewing en gemeente word skielik deur die tweede golf van die Covid-19-pandemie geraak. Ons wil graag waar moontlik mense wat siek is, asook hulle gesinne, ondersteun en versoek dat lidmate asseblief vir ds. René Potgieter in kennis stel indien u weet van 'n vriend, familielid, of iemand in die onmiddellike omgewing wat ernstig siek is. Kontak ds. René Potgieter by rene@stellenberg.co.za/ 079 893 8104.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

### VAKANSIEKASKENADES

Die vakansieprogram wat vanaf 18 tot 20 Januarie aangebied sou word, is met die oog op die gewysigde inperkings-maatreëls gekanselleer.

## VERANDERING IN EREDIENSTYE

Sodra die aanbieding van eredienste in die kerkgebou en kapel weer hervat mag word, sal eredienstye aangepas word sodat die familiediens asook kategesegroepe volgens die voorgeskrewe Covid-19-protokol geakkommodeer kan word:

08:30 - Oggenddiens in die kerk en aanlyn.

09:00 - Meditatiewe diens in die kapel en aanlyn.

09:30 - Familiediens in die kerk en aanlyn. Annibrand Juniorgroepe kom vanaf 10:10 tot 11:00 byeen.

18:00 - Relevantdiens in die kerk en aanlyn. Annibrand Seniorgroepe kom na die diens byeen.

## DIE BASAAR SE DATUM VERSKUIF

Die jaarlikse basaar verskuif voorlopig vanaf Vrydag 5 Maart na Vrydag 16 April 2021. Maak asseblief 'n aantekening in jou dagboek.

Maryna Steenkamp het die afgelope 20 jaar as konvenor van die witolifanttafel opgetree, maar het in 2020 uitgetree. Ons is op soek na 'n opvolger vir haar. Indien jy bereid is om te help, kontak asb. vir Deon Maree by 082 869 0364.

## WHATSAPP-GROEPE

Lidmate wat verkies om voortaan nie meer die WhatsApp-toepassing op hulle slimfone te gebruik nie, kan die bulletin, die skakel na die preke, of die daaglikse stemboodskap, ook deur middel van die Telegram-toep op hulle slimfone ontvang.

Die gemeente se WhatsApp-groepe sal egter voortgaan en lidmate wat aanhou om die WhatsApp-toep te gebruik, sal steeds die bulletin en die skakel na eredienste weekliks op Vrydae en die stemboodskappe daagliks per WhatsApp ontvang.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word. Die posbus word daagliks leeg gemaak.

### SnapScan

## BYBELLEESPROJEK/BYBELSKOOL

Ons wil lidmate uitdaag om as deel van die gemeente se Bybellees-projek, hierdie jaar die Bybel van voor tot agter deur te lees. Die Bybel is ook vanjaar ons sentrale tema met die oog op preke.

Die Stellenberg Bybelskoolsessies gaan ook aansluit by die oorhoofse Bybelleesprojek.

Die eerste twee sessies van die Bybelskoolkursus kan aanlyn op www.stellenberg.co.za gekyk word. Nuwe sessies sal kwartaalliks bygevoeg word.

Jy kan jou eie Bybelvertaling gebruik om by die Bybelskoolkursus, of die Bybelleesprojek in te skakel, maar ons beveel tog aan dat lidmate die nuwe vertaling bekom. 'n Gratis Bybelleesgids kan by die kerkkantoor afgehaal word.

### SKAKELS NA AANLYN EREDIENSTE

Wil jy graag na die aanlyn eredienste op jou selfoon kyk? WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 083 611 4720 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

### DRUKFOUT OP DIE ALMANAK

Let asb. daarop dat die almanakke wat op 18 en 19 Januarie uitgedeel is, het 'n drukfout by die gemeente se bankrekeningnommer.